

Dinsdag **19 November**

Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14

Fokusgedeelte: Openbaring 5:4, 9, 11

Wanneer God waarde toevoeg ...

Wie is waardig om God se Raadsplan in werking te laat tree? Niemand nie?! Net Jesus Christus, die Leeu uit die geslag van Juda, die wortel van Dawid kan hierdie boekrol uit sy Vader se hand neem en die seëls oopbreek! Hierdie boekrol bevat God se volledige Raadsbesluit vanaf die geboorte van Jesus tot en met die neerdaling van die Nuwe Jerusalem.

Wat geen mens kon regkry nie, kan Jesus Christus vermag! Hy is tegelyk die Leeu uit die stam van Juda en die sagte Lam! Deur sy mag en tegelyk deur sy oorgawe aan die kruis! Hierdeur word Hy die Uitvoerder en Bestuurder om God se Raadsplan in werking te laat tree! Dáár het versoening vir God se gemeente uit alle nasies, volke, en tale deurgebreek! Nou staan God se nuutgemaakte gemeente voor sy troon met lofliedere en aanbidding.

Die hele kerk (soos verteenwoordig deur die 24 ouderlinge) dra goue skale vol wierook in die hande! Die wierook styg op na die hemel as 'n simbool van die gebede van die heiliges, hulle wat vir Hom afgesonder is – nuutgemaak deur die Heilige Gees – om in sy diens te staan met 'n spesiale opdrag: Om sy ryk uit te bou oor die hele aarde.

Sy gemeente sing 'n nuwe lied: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak. Dit is as gevolg van u oorwinning in vervulling! 10 000 maal 10 000 engele bevestig dit! Aan die Lam behoort die krag, rykdom, wysheid, sterkte, ere, heerlijkheid en seën. Selfs die duiwel en sy trawante kan nie stilbly om Hom te verheerlik nie. Is ons deel hiervan?

Sing: Skrifberyming 5-3:1

Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek).